

Sondag 28 Julie

Skrifgedeelte: Galasiërs 4:8-20

Fokusgedeelte: Galasiërs 4:13-14

Christus moet gestalte in jou lewe kry!

Wat 'n mooi en ernstige oproep sien ons nie hier van Paulus aan die Galasiërs nie. Hy het die eerste keer aan hulle die evangelie gebring terwyl hy siek was. Die gebruik was om van siek persone af weg te bly. Nie net kon jy self siek word nie, maar dit was beskou as 'n straf vanaf die gode. Tog het hulle goed gedoen aan Paulus deur hom te ontvang en sodoende het hulle die evangelie gehoor – hulle is deur God gekies en is vrygemaak van die slawerny van sonde. Christus het ook aan hulle die verlossing gebring! So het die Here self Paulus se siekte gebruik as geleentheid om die evangelie aan die Galasiërs te bring.

Na Paulus se vertrek is daar egter dwaalleraars wat hulle wil beroof van die bevryde lewe deur die geloof en hulle wil bind met 'n slaafse, onvrye en onmondige lewe wat gekoppel word aan die uitvoering van feeste wat die Here nie beveel het nie. Paulus se besorgdheid is duidelik saam met die oproep. Moenie terugkeer na dit wat bind en wegneem van die evangelie nie, maar laat Christus in julle gestalte vind.

Hoe maklik kan ons ook nie vaskyk in gebruike en tradisies en feesgeleenthede wat die Here nie beveel het nie. Hoekom is dit vir ons as mense so moeilik om te aanvaar dat ons nie deur ons eie optrede of gedrag gered word nie, maar slegs deur die kruisdood van Jesus Christus?

Mag Christus in ons gestalte vind! Mag die gemeente waar die Here jou geroep het waarlik Efesiërs 4:13 uitleef: "... totdat ons almal kom tot eenheid in geloof en in kennis van die Seun van God, en tot 'n volwassenheid wat in ooreenstemming is met die volgroeide gestalte van die volheid van Christus" (AFR2020).

Sing: Skrifberyming 20-1:3, 6, 7

Ds. ID de V (Danie) Potgieter (Rietvallei)